# Sosiale wetenskappe

## Geografie

**Eenheid 05 – Huidige gebeure**

**Plekke in die nuus op ’n wêreldkaart**
**Lengte- en breedtegrade van plekke wat in die nuus is**

**Kern woorde**

| | |
|---|---|
| Meridiaan | • ’n Besondere lengtelyn wat oor die aardbol loop |
| Kern aanlegte | • Plekke wat elektrisiteit vervaardig |
| Verhoog | • Om sterker of, in hierdie geval, slegter word |
| Ontruim | • Om mense weg te neem van ’n plek af, gewoonlik in ’n noodgeval |
| Tsoenami | • ’n Yslike groot golf seewater wat ontsettende skade kan veroorsaak |

**Waardeur kan jy die plek waar elke nuus item plaasvind vasstel op die kaart hier bo?**
Deur lengte- en breedtegrade

**Wat is breedtegrade?**
Lyne wat parallel aan die ewenaar oor ’n kaart loop en word in gemeet in hoeveel grade hulle noord of suid van die ewenaar is




**Wat is lengtegrade?**
Lyne wat tussen die Noord- en die Suidpool oor ’n kaart loop en word gemeet in hoeveel grade hulle wes of oos van die Greenwich-meridiaan is

**Wat vorm die breedte- en lengtegrade?**
’n Ruit



# Sosiale wetenskappe

## Geskiedenis

**ONDERWERP 7 - KOLONISASIE VAN DIE KAAP IN DIE 17DE – 18DE EEU**
**EENHEID 4 - SLAWE AAN DIE KAAP**

**Wie het Jan van Riebeeck verbied om enige van die plaaslike mense, slawe te maak?**
Die Hollanders

**Wie was vir die eerste 5 jaar die enigste slawe aan die Kaap?**
Verstekelinge

**Hoekom is al hoe meer werkers benodig in die Kaap?**
Om tuine aan te lê, huise te bou en die verversingstasie te bestuur.



**Hoekom was die Khoi-Khoi nie altyd bereid om te help nie?**
Hulle wou nie hulle beeste alleen laat nie.

**Hoekom wou die Khoi-Khoi later nie meer vir die Hollanders werk nie?**
Hulle het die Hollanders nie meer vertrou nie.

**Wie het in die vroeër jare van slawerny slawe besit?**
Slegs die HOIK

**Waar is die slawe van die HOIK gehuisves?**
In die Slawehuis in Adderleystraat

**Wat is die Slawehuis in Adderleystraat vandag?**
Dit is die tweede oudste gebou in die Kaap en is nou ŉ museum

**Wie kon later almal slawe besit?**
Die Vryburgers van die dorp asook boere in die landelike gebiede



**Waar het die eerste slawe wat in die Kaap aangekom het vandaan gekom?**
Van Angola af.

Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Natuurwetenskappe

## Lewe en lewende dinge

### 1.2 – Vereistes vir die onderhoud van lewe

**Wat is nodig om aan die lewe te bly?**

- Energie
- Gasse
- Water
- Grond
- Geskikte temperature

**Verduidelik die vereistes wat lewende organismes nodig het om te oorleef:**

| | |
|---|---|
| Energie  | – Alle lewende organismes het energie nodig om aan die lewe te bly en vir lewensprosesse<br>– Plante het energie van sonlig nodig om te kan fotosinteer<br>– Ander organismes kry hulle energie van die voedsel wat hulle eet |

| | |
|---|---|
| Gasse  | – Alle lewende dinge het suurstof nodig vir sellulêre respirasie<br>– Suurstof word gebruik om energie vry te stel uit voedsel en koolstofdioksied<br>– Water word geproduseer as afvalprodukte van respirasie<br>– Groen plante het ook koolstofdioksied nodig om te kan fotosinteer |
| Water  | – Noodsaaklik vir lewe<br>– Elke organisme op ons planeet het water nodig om te lewe |
| Grond  | – Onderhou lewe op aarde<br>– Die meeste plante is afhanklik van grond vir ondersteuning, minerale en water<br>– Sonder grond sal plante nie voedsel kan produseer, waarvan ander diere afhanklik is nie |

Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Tegnologie

Module 1 – Strukture

**Aktiwiteit 3 – Sterkte en stabiliteit**

**Noem die eienskappe wat strukture veilig maak:**

| | |
|---|---|
| Sterkte | Dit mag nie inmekaar tuimel of bars nie |
| Stewigheid | Dit mag nie kromtrek, sy vorm verloof of buig nie |
| Stabiliteit | Dit mag nie omval nie |

**Watter skaal of meter kan ons gebruik om te toets hoe sterk 'n balk is?**
Newton skaal of kragmeter



**Waarom is daar baie silindriese vorms in die natuur?**
Volgens wetenskaplikes kan silindriese balk vorm kragte uit verskillende rigtings die beste weerstaan

**Noem 'n paar voorbeelde van silindriese vorms in die natuur:**

- Boomtakke
- Boomstamme
- Ondergrondse tonnels



**Waarmee word hout versterk?**
Deur laaghout te maak



**Verduidelik kortliks wat laaghout is:**
Soliede hout word in dun lagies van 3 – 5 mm gesaag en opmekaar geplak sodat grein van elke laag oorkruis

Kopiereg – Alle regte voorbehou 

# Ekonomiese en bestuurswetenskappe

**Onderwerp 15 – Die produksieproses**

**Die definisie van produksie**



**Wat is produksie?**

Dit is wanneer besighede grondstowwe in 'n produksieproses gebruik om produkte wat die mark nodig het, te produseer

**Wat doen produksie?**

Verander materiale waaraan 'n mens kan raak en nie kan raak nie na produkte of dienste wat mense kan koop en gebruik

**Gee twee voorbeelde van materiale wat 'n mens kan raak:**

- Hout 
- Goud 

**Geen twee voorbeelde van materiale wat 'n mens nie kan raak nie:**

- Kennis
- Idees



**Insette en Uitsette**

**Wat word insette genoem?**

Materiale wat besighede in die produksieproses gebruik

**Wat is insette?**

Goed wat in die produksieproses gebruik word om produkte en dienste te lewer

**Wat word uitsette genoem?**

Produkte en dienste wat deur die produksieproses gemaak word

**Wat is uitsette?**

Goed wat 'n mens uit die produksieproses kry

Kopiereg – Alle regte voorbehou 

# Lewensörientering

**Week 3 – 5 – Gesondheid-; sosiale en omgewingsverantwoordelikheid**

**Eenheid 1 – Algemene siektes soos tuberkulose, diabetes, epilepsie, obesiteit, anoreksie, MIV en vigs**

**Algemene siektes**

**Wat is 'n siekte?**
'n Stoornis of siektetoestand wat jou ongesond laat voel en jou op 'n nadelige manier beïnvloed

**Noem 'n paar opsies of moontlikhede om iemand te behandel wat siek is:**
medisyne, rus, hospitaalbehandeling, hulp van tradisionele genesers en verandering in lewenstyl

**Wat is 'n onontbeerlike deel van die genesingsproses?**
Versorging en ondersteuning

**Wat behandel tradisionele wetenskaplike Westerse medisyne?**
Siekte en besering

**Noem 'n paar ander behandelingsmetodes wat oor die eeue heen gebruik word:**

- Chinese akupunktuur
- Aromaterapie-olies
- Kruiemedisyne
- Homeopatie
- Holistiese genesing

**Wat beteken holistiese gesondheid?**
Om die liggaam, denke, gees en emosies in ag te neem

**Waarop fokus tradisionele Afrika-genesers?**
Om die rede vir en agter die siekte op te spoor

**Waarvoor kan inheemse kruie en spiritualiteit gebruik word?**
As behandeling

Kopiereg – Alle regte voorbehou